


**Sewe Weke in die Tuin – Week 1**

**Teks:** Genesis 2:8-15; Openbaring 22:1-5; Jes 58:11

**Inleidend**

Die Bybelse verhale begin en eindig in 'n Tuin. Ons lees in Genesis van die **Tuin van Eden**. God wat skep en inisieër – die Een wat dit aanlê (vers 8), die landskapsargitek en tuinier, die Een wat lewe gee en vorm. Dié tuin was 'n lushof wat mooi was om na te kyk en heerlik of van te eet. Ons lees van oorvloed, van water en riviere wat vloei en vertak. Gen 2:10 "Daar het 'n rivier ontspring om die tuin nat te maak en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword..."

Geografies gesien is water in die Ou Nabye Ooste absoluut noodsaaklik vir lewe – tuine het net bestaan waar daar water is. Teologies gesproke wys dit vir ons dat lewe van God uitgaan en oor die skepping versprei. Letterlik-Histories was Eden waarskynlik in die breër Mesopotamiese streek, moontlik Suid Irak of 'n gebied wat nou onder die Persiese golf lê. Maar teologies-simbolies lê hier veel meer in die verhaal. Die getal 4 in die Bybel dui dikwels op universeel en die hele aarde (die vier windrigrtings), wat dan beteken dit is lewe wat vloei uit God se teenwoordigheid na die hele wêreld.

Baie Ou Testamentisi wys daarop dat Eden funksioneer soos 'n oer-tempel. Water vloei uit God se teenwoordigheid. Die patroon is duidelik – Vanuit God se teenwoordigheid, die rivier en lewe na die wêreld.

Dan lees ons natuurlik die tragiese gebeure in Genesis 3 van die mens se ongehoorsaamheid en dan verander die tuin...die mense word uitgedryf uit die tuin en ons lees in Genesis 3:18 "..die aarde sal vir jou dorings en dissels laat voortspruit en jy sal veldplante eet.." Skaamte, skande, jaloesie, wedywering, beskuldigings, vergelyking...word deel van die mens se lewe...

Ons lees ook van 'n tweede tuin. In Openbaring lees ons van die **Tuin van die Nuwe stad Jerusalem**. In die tuin word lewe herstel, mooi gemaak en voltooi. Van die tuin lees ons dat die bome dwarsdeur die jaar vrugte dra en dat die blare aan almal genesing bring. Ons lees van kristalhelder water in die rivier wat deur die tuin vloei.

**In die Bybel is metafore nooit toevallig nie.** Dat God Homself aan die begin en aan die einde deur 'n tuin laat ken, sê iets

fundamenteels oor wie God is en wat God se hart is. Die tuinmetafoor in Genesis en Openbaring openbaar God se hart vir die mens as een van volheid, oorvloed, harmonie en intimiteit, nie as ’n bysaak nie, maar as God se oorspronklike en finale bedoeling met die mens en die skepping.
Die tuin funksioneer as ’n metafoor van God se woonplek, dit is waar God teenwoordig is. Dit is sy bedoeling met die mens en sy doel met die ganse skepping – intimiteit, oorvloed, lewe, harmonie.

Tussen hierdie twee tuine lê egter die lang verhaal van God se onderhouding van die lewe, van mense wat soms God se hart vir hulle en die wêreld vergeet. Maar God bly versorg, plant, natmaak, snoei en selfs in dorheid sal sy sorg nie ophou nie. Want ons weet uit Genesis en Openbaring wat sy hart is. Dit is wat ons hoor in Jesaja 58:11: Jy sal wees soos ’n tuin met volop water, soos ’n fontein waarvan die water nie opdroog nie...want God kies om in ons teenwoordig te wees. Ons lewens is die tuin waarin God wil leef, waarin Hy wil skep, en plant, bewerk, snoei, groei en lewe bring wat vrug dra.

Baie jare later kom die **Katolieke mistikus Teresa van Ávila (1515–1582)** en sy gebruik hierdie tuinmetafoor om die lewe met God vir gewone mense te verduidelik. Sy verduidelik die tuin is ’n plek van ontmoeting tussen God en die mens. Die tuin behoort aan God en God is die tuinier. Die doel van die tuin is vrugbaarheid, groei, skoonheid, vrug en rus.

Hoe groei die tuin? Dit benodig water. En dan wys Teresa op vier maniere waarop die tuin natgelei word. Hierdie maniere van natlei help ons as gelowiges om iets te verstaan van die lewe met God in intimiteit deur gebed:
1. Deur water te trek uit ’n put
2. Waterwiel of kanaal
3. Rivier/Stroom
4. Reën uit die hemel

Wat God begin het in Genesis, bring Hy tot volheid in Openbaring. Ons leef tussen die twee tuine.

God roep ons nie hierdie Sewe Weke om harder te werk nie, maar om nader te leef aan Hom.

Die goeie nuus is: selfs verwaarloosde tuine kan weer blom, want God het nog nooit opgehou om die Tuinier te wees nie en sy teenwoordigheid laat lewende water vloei.